# FAK Internasionale Afrikaanse Geskiedenisolimpiade Ronde 2

Graad 10

Die tweede ronde bestaan uit die volgende:

**Fase 1:** Skryf ’n opstel en maak ’n video. Dit moet teen **3 Augustus** ingestuur wees.

**Fase 2:** Die finale ronde 2-vraestel word op **29 Augustus** landwyd geskryf, by aangewysde punte wat later gekommunikeer sal word.

## Fase 1: OPSTEL

Kies **EEN** van die volgende twee temas en skryf ’n opstel daaroor:

Opsie A: My familiegeskiedenis

Opsie B: As ek dít kon verander ...

## Opsie A: My familiegeskiedenis

Jou familie se geskiedenis vorm deel van die groter verhaal van Suid-Afrika. Elke geslag ervaar historiese gebeurtenisse anders, en hierdie ervarings beïnvloed waar mense woon, watter beroepe hulle beoefen en hoe hulle hul toekoms bou. Hierdie opdrag gee jou die geleentheid om jou eie familie se geskiedenis as ’n jong historikus te ondersoek.

**Wat jy moet doen:**

Voer ’n onderhoud met ’n ouer, grootouer of ouer familielid oor jul familie se geskiedenis. Gebruik die onderhoud, saam met foto’s, dokumente of ander betroubare bronne, om ’n historiese opstel van 900 tot 1200 woorde te skryf.

**Oorweeg die volgende om diepte en konteks aan jou skryfstuk te gee:**

- **Oorsprong en migrasie:** Waar kom jou familie oorspronklik vandaan? Verduidelik die ekonomiese, sosiale of politieke redes waarom jou familie oor tyd verhuis het, of waarom hulle in dieselfde gebied gebly het.
- **Genealogie en familiegeskiedenis:** Identifiseer belangrike persone in jou familie se geskiedenis en verduidelik hoe hul besluite of lewensomstandighede die volgende geslagte beïnvloed het.

- **Familie-erfenis:** Watter tradisies, waardes of verhale is oor geslagte heen bewaar? Verduidelik hoe hierdie nalatenskap steeds deel van jul familie-identiteit vorm.
- **Werk en ekonomiese verandering:** Watter beroepe of ondernemings het jou voorouers beoefen of gehad? Hoe het ekonomiese veranderinge soos industrialisasie, verstedeliking of ander ontwikkelings hul lewe beïnvloed?
- **Historiese gebeurtenisse:** Bespreek minstens een belangrike historiese gebeurtenis wat jou familie direk of indirek geraak het. Verduidelik die uitwerking daarvan op hul lewe.
- **Persoonlike refleksie:** Watter nuwe insigte het jy oor jou familie se geskiedenis verkry, en hoe help dit jou om jou eie identiteit en plek in Suid-Afrika beter te verstaan?

**Wenk vir ’n uitstekende opstel:**

Gebruik meer as een bron om jou navorsing te ondersteun. Integreer persoonlike verhale met historiese feite en verduidelik hoe groter historiese gebeure jou familie se verhaal beïnvloed het. Skryf logies en gebruik gepaste historiese terminologie.

***Of***

## Opsie B: As ek dít kon verander ...

Historiese gebeurtenisse word dikwels bepaal deur besluite wat die verloop van lande en gemeenskappe verander. Indien jy een historiese gebeurtenis kon verander, hoe sou dit die verdere verloop van die geskiedenis beïnvloed het?

**Wat jy moet doen:**

Skryf ’n historiese opstel van <u>900 tot 1200 woorde</u> waarin jy ’n alternatiewe geskiedkundige verloop ondersoek.

**Jou opstel moet die volgende insluit:**

- **Historiese konteks:** Verduidelik die historiese gebeurtenis en die omstandighede waarin dit plaasgevind het.
- **Die keerpunt:** Identifiseer die spesifieke besluit, gebeurtenis of uitkoms wat jy sou verander.
- **Motivering:** Verduidelik waarom hierdie verandering volgens jou die grootste invloed op die geskiedenis sou gehad het.
- **Oorsaak en gevolg:** Ontleed hoe hierdie verandering die verloop van die geskiedenis sou beïnvloed het, asook die politieke, ekonomiese en sosiale gevolge daarvan.

- **Invloed op die moderne wêreld:** Verduidelik hoe Suid-Afrika of die wêreld vandag anders sou lyk indien hierdie verandering plaasgevind het.

**Wenk vir ’ n uitstekende opstel:**

Jou alternatiewe geskiedenis moet op historiese feite gebaseer wees. Gebruik logiese argumente en wys dat jy die verband tussen oorsaak, gevolg en historiese ontwikkeling verstaan.

**Die opstel moet in Word-dokumentformaat na olimpiade@fak.org.za gestuur word.**

Die dokument moet ‘n Header bevat wat jou: Naam, Van, Graad, Skool, Provinsie en keuse van opstel bevat

*Bv. Megan Davies, 8, AHMP, Gauteng, Opsie A*

*Die volgende is wat nasieners in ag sal neem om jou opstel te merk:*

**OPDRAG 1: OPSTEL (100 PUNTE)**
**Beoordelingsrubriek**
**Kategorie Punte**

| | |
|---|---|
| Inhoud en onderwerpbegrip | 20 |
| Geskiedkundige feite en navorsing | 25 |
| Kreatiwiteit en oorspronklikheid | 15 |
| Logiese struktuur en vloei | 15 |
| Persoonlike insig, argument of storievertelling | 15 |
| Taalgebruik, spelling en aanbieding | 10 |
| **Totaal** | **100** |

## Fase 1: Video – Geskiedenis leef

Monumente, historiese geboue en erfenisterreine is tasbare herinneringe aan die verlede. Hulle help ons om historiese gebeurtenisse beter te verstaan en bied verskillende perspektiewe op ons geskiedenis.

Wat jy moet doen:

Besoek ’n monument, historiese gebou, standbeeld of ander erfenisterrein. Neem **ten minste twee foto’s** en maak ’n **video van 3 tot 5 minute** waarin jy die geskiedenis, simboliek en hedendaagse betekenis daarvan bespreek.

**Jou video moet die volgende insluit:**

- Die naam, ligging en geskiedenis van die baken.

- Wie dit ontwerp of opgerig het en waarom dit gebou is.
- Die historiese gebeurtenisse of persone wat daarmee verbind word.
- Die simboliese betekenis van die monument of gebou.
- Waarom hierdie plek steeds belangrik is en waarom dit vir toekomstige geslagte bewaar behoort te word.

**Wenk vir ’n uitstekende video:**

Gebruik foto’s, kaarte of historiese dokumente om jou aanbieding te ondersteun. Moenie net die feite verduidelik nie, maar wys ook waarom hierdie plek vandag nog betekenisvol is. ’n Goed nagevorste, oorspronklike aanbieding sal jou video versterk.

**Die video moet na olimpiade@fak.org.za gestuur word via WeTransfer!**

Om jou te help WeTransfer gebruik kyk : https://www.youtube.com/watch?v=gmzMsSCKj4E

Dokument Titel (vir albei video en opstel moet) :

**GO 2026: Leerder Naam en Van, Graad, Skool Naam , tipe**

*Bv. GO 2026: Megan Davies, 8, AHMP, video*

*Die volgende rubriek sal gebruik word om jou video te beoordeel:*

**OPDRAG 2: VIDEO-UITDAGING (100 PUNTE)**
**Beoordelingsrubriek**

| **Kategorie** | **Punte** |
|---|---|
| Geskiedkundige akkuraatheid en navorsing | 30 |
| Aanbieding en storievertelling | 20 |
| Kreatiwiteit en oorspronklikheid | 20 |
| Waarom die monument/baken bewaar moet word | 10 |
| Gebruik van feite, datums en historiese persone | 10 |
| Tegniese gehalte (klank, beeld en verstaanbaarheid) | 10 |
| **Totaal** | 100 |

Die beste inskrywings is dié wat goeie navorsing met kreatiewe aanbieding kombineer. Maak seker dat jou feite korrek is, jou bronne betroubaar is en dat jy trots is op die werk wat jy indien. Dit is belangrik dat dit jou eie, oorspronklike werk is.

**Ons sien uit daarna om jou unieke geskiedenisverhaal te ontdek!**